10191316

le 2005

10

MUNISIPALITEIT
THEEWATERSKLOOF
15 MAR 2005
MUNISIPALITEIT

GEDRAGSKODE VIR
GENADENDAL TRANSFORMASIE KOMITEE

Aanhef

Komiteelede word verkies om die gemeenskap op die komitee te verteenwoordig en om te verseker dat die komitee gestruktureerde meganismes van verantwoording aan en van die gemeenskap het, en te voldoen aan die prioriteits behoeftes van die gemeenskap deur dienste op 'n billike, doeltreffende en volhoudbare wyse binne die vermoë van die komitee te lewer. In die volvoering van die rol moet komiteelede verantwoordelik wees aan die gemeenskap en tenminste kwartaalliks verslag doen aan die dorp of entiteit wat hul verteenwoordig rakende komiteeaangeleenthede. Ten einde te verseker dat komiteelede hul verpligtinge teenoor die Ebenhaeser gemeenskap verwesenlik, word die volgende gedragskode daargestel.

1 Woordomskrywing

In hierdie Bylae beteken "vennoot" 'n persoon wat permanent by 'n ander persoon woon op 'n wyse asof getroud.

2 Algemene gedrag van komiteelede

'n Komiteelid moet-
(a) sy ampsfunksies in goeie trou, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig; en
(b) ten alle tye in die beste belang van die komitee en op sodanige wyse wat die geloofwaardigheid en die integriteit van die komitee nie tot nadeel strek nie, optree.

3.1 Bywoning van vergaderings

'n Komiteelid moet vergadering van die die komitee en van 'n subkomitee waarvan die komiteelid 'n lid is bywoon, behalwe wanneer-
(a) verlof tot afwesigheid toegestaan is ingevolge 'n toepaslike wet of soos bepaal deur die reels en orders van die Komiteet of
van daardie komiteelid in terme van hierdie Kode verlang is om te onttrek van die vergadering.

3.2 Terugvoering oor vergaderings

Elke komiteelid moet, soos hierbo in die Aanhef voorsien, gereeld en minstens kwartaalliks verslag doen aan en terugvoering gee aan diegene wie so 'n komiteelid verteenwoordig, oor die sake van die Transformasie Komitee.

4 Sanksies vir nie-bywoning van vergaderings

(1) 'n Komiteelid wat nie 'n vergadering nie kan bywoon nie moet (1.1) skriftelik verskoning aanteken en (1.2) self die nodige reëlings tref met sy/haar sekund

(2) 'n Komiteelid wat afwesig is van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van 'n die komitee of van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van 'n subkomitee wat daardie komiteelid veronderstel is om by te woon ingevolge item 3, moet van sy amp onthef word as komiteelid.

(3) Stappe vir die oplegging van 'n boete of die ontheffing van 'n komiteelid se amp moet onderneem word in ooreenstemming met die eenvormige staande prosedure wat die komitee moet aanneem vir doeleindes van hierdie item. Die eenvormige staande prosedure moet voldoen aan die reëls van natuurlike geregtigheid.

5 Openbaarmaking van belange

DIT OPERASIONELE DIENSTE
BEAMPTE C. W. HERMANUS
TYD INLIGTING
DATUM AANDAG / DIREKTE
VERWYS DIR 8/2/1/5
VERDERE OPDRAG Hermanus

antwoord; en
(c) die aangeleentheid by 'n vergadering van die die komitee rapporteer, nadat aan paragrawe *(a)* en *(b)* voldoen is.

(2) 'n Verslag ingevolge subitem (1) *(c)* is tot die lede van die vereniging en die publiek se beskikking.

(3) Die voorsitter moet die uitslag van die ondersoek aan die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie rapporteer.

(4) Die voorsitter moet toesien dat die komiteelid by ampsaanvaarding 'n afskrif van die Kode ontvang en dat 'n afskrif van die Kode beskikbaar is in kamer of plek waar die komitee vergader.

13 Skending van Kode

(1) Die komitee mag-

(a) enige beweerde oortreding van 'n bepaling van hierdie Kode ondersoek en 'n bevinding maak; of
(b) 'n spesiale komitee saamstel-
(i) om ondersoek te doen en 'n bevinding te maak oor enige beweerde oortreding van die Kode; en
(ii) om toepaslike aanbevelings aan die komitee te maak.

(2) Indien die komitee of 'n spesiale komitee bevind dat 'n komiteelid 'n bepaling van hierdie Kode oortree het, mag die komitee-

(a) 'n formele waarskuwing aan die komiteelid uitreik;
(b) die komiteelid teregwys;
(c) die komiteelid vir 'n tydperk te skors;
(d) die komiteelid beboet; en
(e) *met inagneming van die bepalings van klousule 7.8 van die grondwet* die komiteelid uit sy amp te ontslaan.

(7) Enige ondersoek ingevolge hierdie item moet ooreenkomstig die reëls van natuurlike regverdigheid geskied.

Wat hier volg is maar die "bare bones" van Regulasies / reels en beleids voorskrifte wat benodig word vir die beskikking oor en beskikbaarstelling van grond en geleenthede in en tot die grond vir ontwikkelings projekte op die Restant.

14 Kontrakte en Tenders vir Projekte

1. Ter bereiking van die doelwitte van die grondwet sal inkomste-genererende aktiwiteite en projekte deur die Komitee geïdentifiseer en ondersteun word.

2. Die Komitee sal van tyd tot tyd riglyne uitreik vir sodanige projekte en aktiwiteite en op 'n gepaste wyse uitnodigings rig vir voorstelle deur Lede en in sekere omstandighede waar daar nie belangstelling is van Lede nie, of vennootskapsprojekte met Nie-Lede gepas is, deur Nie-Lede of ander derde partye.

3. Voordat enige derde party projekte onderneem word, sal die Komitee besluit of 'n gewone of spesiale tenderprosedure gevolg moet word.

4. 'n Spesiale tenderprosedure sal deur die Komitee deur resolusie bepaal word en sal strenger vereistes as 'n gewone prosedure behels. 'n Spesiale prosedure sal altyd meer uitgebreide konsultasie met alle belanghebbendes en 'n besigheidsplan van die tenderaar en geprojekteerde voordeel verg.

5. 'n Gewone prosedure sal ooreenstem met die statutêre voorskrifte vir tender van die